# JOHANNESBURG EAST DISTRICT

## DISTRIK-EKSAMEN

## GRAAD 11

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 1**

**JUNIE 2014**

PUNTE: 80
TYD: 2 UUR

**Hierdie VRAESTEL bestaan uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | |
|---|---|
| AFDELING A: LEESBEGRIP | (30 PUNTE) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10 PUNTE) |
| AFDELING C: TAAL | (40 PUNTE) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n lyn na elke Afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksies.

8. Voorgestelde tye:

   AFDELING A: 50 minute

   AFDELING B: 30 minute

   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A –LEESBEGRIP**
**VRAAG 1 – INTERNETARTIKEL**

## Drank veroorsaak elke 10 sekondes ’n sterfte



1. Alkohol is elke jaar wêreldwyd die oorsaak van 3,3 miljoen se dood. Dis is meer as vigs, tuberkulose (TB) en geweld saam. Dit is wat die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) Maandag gesê. Hulle sê drankgebruik word meer.
2. Dronkbestuur, geweld en mishandeling en ’n aantal siektes en steurings is van die resultate van alkoholgebruik. Dit is jaarliks wêreldwyd die oorsaak van een uit elke 20 mense se dood, sê die Verenigde Nasies (VN) se agentskap vir gesondheid.
3. “Dit beteken daar is elke 10 sekondes ’n iemand wat doodgaan as gevolg van dronkbestuur,” het Shekhar Saxena, die hoof van die WGO se departement geestesgesondheid en dwelmafhanklikheid, aan joernaliste in Genève gesê.
4. Volgens die WGO het alkohol in 2012 sowat 3,3 miljoen mense se dood veroorsaak, wat gelyk is aan sowat 5,9 persent van mense wat wêreldwyd doodgaan (7,6 persent vir mans en 4 persent vir vroue).
5. In ’n studie is bevind dat 2,8% mense van MIV/vigs wêreldwyd doodgaan, 1,7% van TB en net 0,9% van geweld.
6. Die ondersoek wys ook dat mense in lande waar alkoholinname oor die algemeen laag is, soos China en Indië, ál meer alkohol inneem as hulle meer en meer geld begin verdien.
7. “Daar moet stappe geneem word om mense in te lig teen die nadele wat drankgebruik vir mense se gesondheid inhou,” het Oleg Tsjestnof van die WGO se eenheid vir nieoordraagbare siektes en geestesgesondheid gesê. ’n Verslag oor wêreldwye drankgebruik en die uitwerking daarvan op openbare gesondheid is daarmee bekendgemaak.
8. Drankgebruik is die oorsaak van meer as 200 gesondheidsprobleme, onder meer lewersirrose en sekere kankers. Die verslag sê ook dat drankmisbruik mense ook vatbaarder maak vir aansteeklike siektes soos TB, MIV en longontsteking.
9. Sowat ’n derde van mense wat doodgaan as gevolg van alkoholmisbruik word veroorsaak deur kardiovaskulêre siektes en diabetes.
10. Ongelukke as gevolg van alkoholmisbruik, soos motorongelukke, was die tweede grootste oorsaak; dit is sowat 17,1% van alle mense wat as gevolg van alkoholmisbruik doodgaan.
11. Fuifdrinkery (wanneer mense net sekere by geleenthede soos partytjies of oor naweke te veel alkohol drink) is veral nadelig, sê die WGO. Hulle skat 16% van alle drinkers misbruik alkohol.
12. Alhoewel mense in die rykste lande in die wêreld, veral in Europa en Noord- en Suid-Amerika, meer drink as mense in armer lande, is dit bewys dat mense in arm lande waar die ekonomie groei meer en meer alkohol misbruik.
13. Die WGO het ook gesê alkoholgebruik in die digbevolkte China en Indië neem veral toe omdat mense meer geld verdien.
14. ‘Maar die wêreld se strafste drinkers bly die Oos-Europeërs en Russe.

***15. En Suid-Afrika?***

16. Russiese mans wat drink, neem jaarliks gemiddeld 32 L suiwer alkohol in, volgens 'n opname van 2010, gevolg deur Westerse lande soos Kanada, die Verenigde State, Australië, Suid-Afrika en lande in Europa.



17. Volgens die verslag kom die gemiddelde, jaarlikse wêreldwye gebruik per persoon bo 15 neer op 6,2 L suiwer alkohol.
18. Wanneer net drinkers in berekening gebring word, neem dit toe tot 17 L per jaar.
19. Tog is daar baie mense wat nie drink nie; byna die helfte van volwassenes wêreldwyd het nog nooit aan drank geraak nie, en amper twee derdes sê hulle het in die afgelope jaar nie gedrink nie, het die verslag getoon.

*Verwerk uit: Huisgenoot Digitaal, 13 Mei, 2014*

1.1. Wat is elke jaar wêreldwyd die oorsaak van meer as drie miljoen mense se dood? Gee net EEN woord. (1)

1.2. Is die sterftes as gevolg van alkohol is dieselfde as ander ernstige siektes? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.3. Noem TWEE resultate van alkoholgebruik. (2)

1.4. Hoeveel mense sterf elke minuut as dit in die leesstuk noem; "daar is elke 10 sekondes iemand wat doodgaan as gevolg van dronkbestuur"? (1)

1.5. Wie is die bestuurder van die WGO se departement geestesgesondheid en dwelmafhanklikheid? (1)

1.6. Is dit waar of onwaar dat meer vrouens doodgaan van alkoholmisbruik? Gee bewyse uit die stuk vir jou antwoord. (1)

1.7. Wat is die persentasie van mense wat doodgaan as gevolg van Tuberkulose? (1)

1.8. Wanneer begin mense in lande soos China en Indië meer alkohol gebruik? (1)

1.9. Kies die korrekte antwoord en skryf net die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

Oleg Tsjestnof se voorstel om die probleem van alkoholmisbruik te beveg, is mense…

a. moet vertel word oor die voordele wat drankgebruik vir hulle gesondheid inhou.
b. moet vertel word oor die nadele wat dwelmgebruik vir hulle gesondheid inhou.
c. moet vertel word oor die nadele wat drankgebruik vir hulle gesondheid inhou.
d. hoef nie vertel te word van die nadele wat drank vir hulle gesondheid inhou nie. (1)

1.10. Pas Kolom A by Kolom B oor die statistieke van alkoholgebruik: (4)

| Kolom A | | Kolom B | |
|---|---|---|---|
| 1.10.1. | Drinkers wat alkohol misbruik. | A | Meer as 200. |
| 1.10.2. | Ongelukke as gevolg van alkoholmisbruik. | B | 'n ⅓ van mense wat sterf. |
| 1.10.3. | Alkoholmisbruik wat kardiovaskulêre siektes en diabetes veroorsaak. | C | 17,1% streftes. |
| 1.10.4. | Die aantal gesondheidsprobleme wat drankgebruik veroorsaak. | D | 24% |
| | | E | 16% |

1.11. Wat is fuifdrinkery? Gee TWEE Feite. (2)

1.12. Hoekom dink jy is fuifdrinkery nadelig? (1)

1.13. Kies telkens die korrrekte antwoord en skryf net die VRAAGNOMMER (1.13.1.) en jou ANTWOORD neer:

Mense in lande waar daar 1.13.1. (min / baie) geld is drink meer as mense in lande waar daar 1.13.2. ( min / baie) geld is. (2)

1.14. Hoekom dink jy drink mense in ryk lande meer as mense in arm land? (1)

1.15. Hoeveel liter suiwer alkohol drink russiese mans per jaar? Skryf die NOMMER as 'n WOORD. (1)

1.16. Kies die korrekte antwoord en skryf net die VRAAGNOMMER (1.16.) en die LETTER (A – D) neer: (1)

Suid-Afrikaanse mans is …. op die lys wat alkoholiname per liter per jaar betref.

a. 2$^{de}$
b. 3$^{rde}$
c. 4$^{de}$
d. 5$^{de}$

1.17. Wat is kommerwekkend in die verslag van alkoholgebruik met betrekking tot:
1.17.1. die gemiddelde, jaarlikse wêreldwye gebruik per persoon bo 15? (1)
1.17.2. wanneer daar net na drinkers se alkoholgebruik gekyk word? (1)

1.18. Wat is die goeie nuuus in die verslag van alkoholgebruik met betrekking tot:
1.18.1. byna die helfte van volwassenes wêreldwyd? (1)
1.18.2. amper twee derdes van volwassenes? (1)

**EN**

- Lees die volgende strokiesprent versigtig deur.

Raampie 1




Seun Ma

Raampie 2




Seun Ma

Raampie 3




Seun Ma

1.19. Haal een woord aan wat aandui dat die gesprek in die oggend plaasvind. (1)

1.20. Haal EEN sin aan wat aandui dat die ma nie bereid is om vir haar seun ontbyt te maak nie. (1)

1.21. Kies die korrekte antwoord en skryf die VRAAGNOMMER (1.21.1 en 1.21.2 ) en jou keuse in jou ANTWOORDBOEK.

Die strokiesprent is ‘n 1.21.1 (simpatieke / sarkastiese) verwysing na kinders wat altyd van ouers verwag om alles VIR hulle te doen omdat hulle 1.21.2. (lui / fluks) is. (2)

**AFDELING A TOTAAL – 30**

**EN**

**AFDELING B – OPSOMMING**
**VRAAG 2.**

INSTRUKSIES

- Hier is wenke om jou te help om beter te konsentreer in die klas.
- Verkort / som die SEWE wenke oor hoe jy beter kan konsentreer in die klas op.
- Skryf jou sinne puntgewys neer.
- Jou opsomming mag nie meer as 70 woorde wees nie.
- Skryf die getal woorde aan die einde van die opsomming.

## Hoe om te konsentreer in Klas

- Sit voor in die klas en dit sal jou outomaties help om te konsentreer, want dit neem enige afleiding weg.
- Dit is belangrik om aktief deel te neem in die klas. Steek jou hand op vir elke vraag . Begin 'n bespreking.
- As jy regtig nodig het om te konsentreer, moet jy jou selfoon heeltemal afsit. Niks onderbreek jou konsentrasie meer as om 'n teks van 'n vriend / vriedin in 'n les te kry nie.
- Dit is moeilik om te konsentreer wanneer jy honger is. Eet elke oggend 'n gesonde ontbyt om te voorkom dat jou aandag afgetrek word omdat jy honger is.
- Vir maksimum konsentrasie is die belangrik om seker te maak dat jy ten minste agt ure geslaap het want jou konsentrasie sal verbreek word as jy moeg is. Kry 'n goeie nagrus!
- As jy regtig sukkel om te fokus in die klas, beloon jouself aan die einde van die klas vir die aandag wat jy geskenk het. Geniet jou gunsteling koeldrank of sit 'n rand of twee by jou "spaar vir skoene" rekening. Gee jouself iets om voor te werk behalwe vir die goeie punte wat jy gaan kry.
- As jy voel jou vermoë om te konsentreer begin af te neem, doen iets anders. Haal 'n pen uit jou tas of kruis jou ander been of strek uit. Jy sal verbaas wees hoe goed dit werk om jou weer op dreef te kry.

[237 woorde]

**AFDELING B TOTAAL : 10**

**EN**

**AFDELING C – TAAL**

**VRAAG 3 – WOORDSTRUKTURE**

Die taalvrae wat volg, is op die volgende advertensie gebaseer.

HUIS genoot tempo TOEKENNINGS

**Watter Afrikaanse kunstenaars gaan vanjaar met die louere wegstap? Help hulle kies – groot pryse is op die spel!**

1. **Jy kan wen** - **'n nuwe Suzuki**
2. Droom jy van 'n nuwe paar wiele? Droom sommer groot, want een leser kan vanjaar met die Huisgenoot-Tempo 'n luukse Suzuki ter waarde van R180 000 wen. Dié nuwe model word eers in Junie in Suid-Afrika bekendgestel en jy kan dus een van die heel eerstes in Suid-Afrika wees wat met hierdie Suzuki spog. Stem net vir jou gunsteling sanger in elke kategorie en jy kan dié droommotor losslaan!




3. **Ander Pryse**
- Een Puzey G-Wizz-bromponie ter waarde van R10 750
- 'n Sonbril ter waarde van R400.
- 'n Klawerbord ter waarde van R6 500
- Drie Olympus-kameras van Olympus en SanDisk ter waarde van R4 000 elk
- Drie Galaxy Grand Neo-slimfone van Samsung ter waarde van R3 999 elk
- 8 Anne Klein-horlosies van American Swiss ter waarde van R1 599 elk

4. **Kompetisiereëls**
- Die stemmery sluit op 28 Mei om middernag.
- Die wenner sal lukraak gekies word.

3.1. Skryf die korrekte vorm van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Jy kan dus een van die heel eerste **<u>Suid-Afrika</u>** wees wat met hierdie Suzuki spog.

3.2. Skryf die intensiewe vorm van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Dié **<u>nuwe</u>** model word eers in Junie in Suid-Afrika bekendgestel.

3.3. Skryf die oortreffende trap van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Help hulle kies want díe **groot** pryse is op die spel.

3.4. Skryf die korrekte teenoogestelde geslag vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Stem net vir jou gunsteling **sanger** in elke kategorie.

3.5. Skryf die meervoud van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
'n **Sonbril** ter waarde van R400.

3.6. Skryf die korrekte vorm van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Drie **pragtig** Galaxy Grand Neo-slimfone van Samsung ter waarde van R3 999 elk.

3.7. Skryf die verkleining van die vergedrukte, onderstreepte woord. (1)
'n **Klawerbord** ter waarde van R6 500.

3.8. Skryf die vergedrukte, onderstreepte nommer uit as 'n woord. (1)
**8** Anne Klein-horlosies van American Swiss ter waarde van R1 599.

3.9. Korrigeer die spelling van die vetgedrukte, onderstreepte woord
Die stemmery sluit op 28 Mei om **midernag**.

3.10. Skryf die antoniem van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Die **wenner** sal lukraak gekies word.

**VRAAG 4: SINSTRUKTURE**

| Raampie 1 | Raampie 2 | Raampie 3 | Raampie 4 |
|---|---|---|---|
|   |   |   |   |
| Eve Madam | Eve Madam | Madam Mev. Anderson | Madam Mev. Anderson |

4.1. Skryf die volgende sin in die verlede tyd. (1)
Madam kyk na die lamp.

4.2. Skryf die volgende sin in die indirekte rede. (2)
Madam sê: "My ma sal mal wees oor hierdie lamp."

4.3. Skryf die volgende sin in die indirekte rede. (2)
Eve vra vir Madam: "Dink jy regtig só?"

4.4. Herskryf die volgende sin in die passiewe / lydende vorm. (1)
Madam gee die geld vinnig vir Eve.

4.5. Herskryf die sin en begin met die voegwoord tussen hakies. (2)
Eve vat die geld en sy koop die lamp kamtig vir haarself. (Toe)
Begin so: Toe Eve…

4.6. Herskryf die volgende sin in die negatiewe vorm. (1)
Madam koop altyd lelike goed.

4.7. Herskryf die sin met die korrekte woordorde. (1)
betaal / Eve / vir die lamp / vinnig.

**VRAAG 5 – KRITIESE TAALBEWUSTHEID**

## Die e-tollie parodie



1. Die emosies loop hoog in Gauteng oor die omstrede e-tolstelsel. Klagskrifte word onderteken, witwarm debatte op sosiale media gevoer en snelweë versper met protesoptogte.
2. Moet sy dan nou nie seker ook haar deel tot die volksdebat bydra nie?, het die sangeres Rea le Roux haarself gevra.
3. Maar dié soort optog is nou nie juis haar styl nie; sy sal maar liewer 'n liedjie skryf.
4. "En dis hoe die parodie, *etollie*, gebore is," vertel Rea en lag oor haar jongste draaksteek-video wat pas uitgereik is.
5. In die video is dit 'n gesin wat uit 'n . . . kom ons sê maar 'n "minder gegoede buurt" kom en erg omgekrap is oor die tolstelsel. 'n Tipiese "zef-gesin", beskryf sy hulle.
6. Die pa is ontsteld want al sy "drankgeld gaan alles vir vir e-tol wat te hoog is; dit is 'n klomp bollie!"
7. Rea dryf ook die spot met onlangse voorvalle toe die stelsel rekeninge stuur aan kinders, oorledenes en bestuurders wat nog nooit eens 'n wiel op 'n Gautengse pad gesit het nie.
8. "Die een meisie is nou ses. Sy kry toe nou die dag 'n SMS; die e-toll sê sy skuld die geld, en moet by die kantoor gaan aanmeld."

*Verwerk uit: Huisgenoot Digitaal, 10 Februarie, 2014*

5.1.1. Identifiseer die hoofsin in die volgende saamgestelde sin en skryf dit neer. (1)
Die emosies loop hoog in Gauteng oor die omstrede e-tolstelsel.

5.1.2. Identifiseer die bysin in die volgende saamgestelde sin en skryf dit neer. (1)
Mense teken klagskrifte wat aan die minister oorhandig word.

5.1.3. Pas Kolom A by Kolom B. Skryf net die VRAAGNOMMER en die LETTER neer. (3)

| Kolom A | | Kolom B | |
|---|---|---|---|
| 5.1.3.1. | Afleiding | A | klagskrifte |
| 5.1.3.2. | Samestelling | B | kinders |
| 5.1.3.3. | Sametsellende Afleiding | C | drankgeld |

5.1.4. Identifiseer die bywoordelike bepaling in die volgende sin: (1)
In die video verskyn ’n gesin waar hulle almal snaaks optree.

5.1.5. Identifiseer die byvoeglike bepaling in die volgende sin: (1)
Die pa wat ‘n alkoholis is, is ontsteld, oor die e-tol.

5.1.6. Kies die korrekte antwoord en skryf net die VRAAGNOMMER en die LETTER neer. (1)

In paragraaf 1 word die woord “hoog”…

a. denotief gebruik om aan te dui dat die mense ontsteld is.
b. konnotief gebruik om aan te dui dat die mense ontsteld is.
c. denotief gebruik omdat die e-tol baie geld kos.
d. konnotief gebruik omdat die e-tol baie geld kos.

5.1.7. Kies die korrekte antwoord en skryf net die VRAAGNOMMER en die LETTER neer. (1)

In paragraaf 6 word die woord “hoog”…

a. denotief gebruik om aan te dui dat die mense ontsteld is.
b. konnotief gebruik om aan te dui dat die mense ontsteld is.
c. denotief gebruik omdat die e-tol baie geld kos.
d. konnotief gebruik omdat die e-tol baie geld kos.

5.1.8. Identifiseer die tipe sin wat hier onder geskryf is: (1)
Moet sy dan nou nie seker ook haar deel tot die volksdebat bydra nie?

5.1.9. Identifiseer die tipe sin wat hier onder geskryf is: (1)
Dit is ’n klomp bollie!

5.1.10. Wat dink jy is die skrywer se standpunt oor die e-tol? (1)

5.1.11. Wat is jou standpunt oor die e-tol? (1)

5.1.12. Kies die korrekte antwoord: Die geimpliseerde betekenis van paragraaf 7 en 8 is dat die e-tolstelsel (oneffektief / effektief) is. (1)




**Dit help my om nie elke twee sekondes na my foon te kyk nie!**

5.2.1. Waarvoor word die tregter-aparaat om die man se nek eintlik gebruik? (2)

5.2.2. Pas Kolom A by Kolom B: (4)

| Kolom A | | Kolom B | |
|---|---|---|---|
| 5.2.2.1. | Die spotprent is 'n goeie voorbeeld van gevoelstaal. | A | Die moderne mense van vandag spandeer te veel tyd op hulle selfone. |
| 5.2.2.2. | Die ontwerper se manier om die tema of boodskap te beklemtoon. | B | Die skrywer wil hê die leser moet skuldig voel omdat hy / sy te veel tyd op die selfoon spandeer. |
| 5.2.2.3. | Die geïmpliseerde betekenis van die spotprent. | C | Die moderne mense van vandag spandeer te veel tyd op hulle selfone en die leser moet die sosiale implikasies daarvan verstaan. |
| 5.2.2.4. | Aannames en die impak van die spotprent. | D | Die twee karakters is sentraal geplaas in die spotprent. |

**AFDELING C TOTAAL : 40**
**GROOTTOTAAL : 80**